Privaatskool Elnatan

Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.

BELEIDSDOKUMENT: BH03

SKOOLFUNKSIES

Direksie- / Bestuurslid	Naam en van:	Handtekening van aftekenaar:
Voorsitter:	Hannes Thorburn	
Ondervoorsitter:	Louisa Campbell	
Skoolhoof:	Tinus Botma	
Bedryfshoof:	Madelein Fourie	

Datum goedgekeur:	Augustus 2019	
Goedgekeur deur:	DIREKSIE / BESTUURSPAN	
Hersieningsdatum:	Augustus 2022	
Hersien deur:	BESTUURSPAN	
Uitgawe:	1ste	
Verantwoordelike persoon:	BEDRYFSHOOF	

DOEL:

Om werksverdeling van skoolfunksies onder die ouers te verdeel

DIE VOLGENDE REËLS SAL GELD:

1. Alle skoolfunksies word ingedeel per graad ouergroep wat in ‘n spesifieke jaar verantwoordelik sal wees vir ‘n spesifieke skoolfunksie.
2. Aan die begin van elke kalenderjaar sal die funksies en graadgroepe verantwoordelik daarvoor, per eerste Palmalarm van die jaar ingelig word oor wie wanneer vir wat verantwoordelik is. Sodoende is almal reeds aan die begin van die jaar ingelig waar hy/sy betrokke sal wees met funksies en hulp by funksies.
3. Die spesifieke graad en funksie word as ‘n eenheid hanteer en sal elke jaar dieselfde bly, behalwe wanneer daar deur ‘n direksievergadering anders besluit of ingedeel word, maar dan moet dit reeds aan die begin van die jaar deurgegee word aan alle ouers per Palmalarm. Sodoende weet ouers reeds as hul in graad 1 begin by Elnatan dat hulle vir spesifieke funksies in die 12 skooljare betrokke gaan wees en kan beter beplanning gedoen word.
4. Indien ‘n onderwyser by ‘n funksie betrokke is, sal sodanige onderwyser in samewerking met die graadgroep sameroeper werk om alles vlot te laat verloop. Andersins sal die registeronderwyser ‘n administratiewe/ondersteunende rol speel. Indien die onderwyser as ouer betrokke is by ‘n graad groep geniet sy/haar pligte as personeellid voorrang.
5. Die graad waarin ‘n ouer se kind/kinders in die betrokke jaar is, sal verantwoordelik wees vir die spesifieke funksie wat geallokeer is aan die graad vir daardie jaar.
6. As ‘n spesifieke ouer meer as een kind in verskillende grade het, sal sodanige ouer verantwoordelik wees om by al die graadgroepe waar hy/sy kinders in het, hulp te verleen en nie slegs by een graadgroep nie.
7. ‘n Sameroeper word aan die begin van elke jaar uit elke groep aangewys wat dan verantwoordelik is om sy/haar groep te mobiliseer en te organiseer vir die spesifieke funksie waarvoor die graad groep verantwoordelik is vir daardie spesifieke jaar.
8. ‘n Sameroeper is verantwoordelik om toe te sien dat alle ouers in die graadgroep wel ‘n werk/help beurt in ‘n jaar kry en moet kontrole hou daaroor.
9. Indien ‘n ouer in ‘n spesifieke groep om een of ander rede nie kan werk/help nie, is sodanige ouer verantwoordelik om iemand in sy/haar plek te reël en is dit dus nie die verantwoordelikheid van die sameroeper nie.
10. Sameroepers kan elke jaar nuut verkies word of jaar na jaar dieselfde persoon bly.
11. Die bedryfshoof sal die hoof sameroeper wees waarheen alle graadgroep sameroepers na toe korrespondeer en moet verantwoordelikheid neem dat alle groepe op hoogte gehou word van veranderinge in reëlings van funksies.

12. Die bedryfshoof sal nie verantwoordelik wees vir die reëlings of organisering van die funksie nie, maar slegs die bymekaar hou van alle logistiese en organisatoriese verpligtinge en toesien dat die sameroepers van die verskillende graadgroepe bewus is van waarvoor hulle verantwoordelik is.
13. Waar ‘n funksie net ‘n spesifieke deel van die skool raak soos net laerskool of net hoërskool, sal sodanige groepe wat ingedeel is vir daardie spesifieke funksie dan werksaam wees as of ‘n hoërskool graadgroep by ‘n hoërskool funksie of laerskool graadgroep by ‘n laerskool funksie.
14. Waar dit beide hoër- en laerskool raak, sal albei graadgroep ouers betrokke wees by die funksie en mekaar help.
15. Indien ‘n funksie die werksaamhede van die snoepie by Carducci en by die saal vereis en ekstra hande is daarvoor nodig sal die graadgroepe betrokke by die funksie die snoepie personeel ondersteun en bystaan. Dit kan by meer as een tipe funksie wees as hulp verlening benodig word. Die sameroeper van daardie graadgroepe moet dan met die hoof van die snoepie in verbinding tree vir hulpverlening.
16. Graad 12 graadgroepe ouers word kwytgeskeld van enige funksies om hulle kans te gee om hul laaste jaar in Elnatan saam met hulle kinders te geniet.
17. Geen dokumentasie mag deur die sameroeper aan ouers uitgestuur word alvorens dit nie deur die bedryfshoof goedgekeur is nie.
18. ‘n Opsomming soos deur die bedryfshoof verskaf moet ingevul word na die afloop van die funksie om die surplus te bepaal en om rekord te hou van produkte/ fondse wat gebruik is.
19. Aansoek moet by die bedryfshoof ingedien word Indien enige ander funksie of projek beplan word. Goedkeuring sal deur die direksie gegee word.

.

PLIGBESKRYWING	**GRAAD VERANTWOORDELIK**
SNOEPIE – ALLE SPORT BYEENKOMSTE	GR.1 GR. 9
OUPA EN OUMA DAG	GR. 2
PRESTIGE ATLETIEK BYEENKOMS	GR. 11
SAAL VERKOPE	GR. 4 GR. 10
ELNATAN LAERSKOOL SPORTDAG	GR.3
WILDSFEES/POTJIEKOS/KUIERFEES	GR. 5
GRAAD 7 AFSLUITING	GR. 7
PANNEKOEK – ALLE FUNKSIES: PRESTIGE BYEENKOMS (H&L) CLASSIC CLASHES (HS) HUISKOMPETIESIE (H&L)	GR. 6 LS GR. 8 HS
SPORT EN GRAAD 12 PRYSUITDELING	GR. 4
WYNVEILING	GR. 7
MNR & MEJ ELNATAN	GR. 10
CLASSIC CLASHES	GR. 10
ATLETIEK HUISKOMPETISIE	GR. 11
MATRIEKAFSKEID	GR. 11
AANDEELHOUERSFUNKSIE	GR.8
GRAAD 1 OPEDAG AAN EINDE VD JAAR	GR.1
PRYSUITDELING GRAAD 1-11	GR.5